# Génesis 8:4-13

## TEMA: Duif met die Olyftak

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING**: Génesis 8:4-13

**Gen. 8:4 En die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die gebergte van Ararat gerus.**
**Gen. 8:5 En die waters het geleidelik afgeneem tot die tiende maand. In die tiende maand, op die eerste van die maand, het die toppe van die berge sigbaar geword.**
**Gen. 8:6 Toe het Noag aan die end van veertig dae die venster oopgemaak van die ark wat hy gebou het,**
**Gen. 8:7 en 'n kraai uitgestuur wat gedurig heen en weer gevlieg het totdat die waters weggedroog het van die aarde af.**
**Gen. 8:8 Daarop laat hy 'n duif van hom af wegvlieg om te sien of die waters oor die aarde verminder het.**
**Gen. 8:9 Maar die duif het geen rusplek vir die holte van sy voet gevind nie en na hom teruggekeer in die ark; want die waters was oor die hele aarde. So het hy dan sy hand uitgesteek en hom gegryp en in die ark by hom gebring.**
**Gen. 8:10 Daarna het hy weer sewe dae gewag. Toe stuur hy die duif weer uit die ark.**
**Gen. 8:11 En die duif het teen die aand na hom gekom, en daar was 'n groen olyfblad in sy bek! Toe merk Noag dat die waters oor die aarde verminder het.**
**Gen. 8:12 Daarna wag hy weer sewe dae en stuur die duif uit. Maar hy het nie weer na hom teruggekeer nie.**
**Gen. 8:13 In die ses honderd en eerste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, het die waters weggedroog van die aarde af. En Noag het die deksel van die ark weggeneem en uitgekyk, en die aarde was droog—**

-o0o-

Ek wil graag verduidelik wat die 40 dae en 40 nagte beteken van Noag en sy mense in die Ark.

1. Die getal mense in die ark is 8 (agt).
2. 8 beteken 'n nuwe begin.
3. Die numeriese Naam van Yeshua Hamashiach, ons Heer en ons Meester is **888**.
4. Die ark beteken die "Covenant", dit beteken die Verbond.
   - In die Verbond is ons beskerm,
   - In die Verbond is daar voorsiening,
   - In die verbond is alles wat die Vader vir ons gegee het.
   - Alhoewel dinge daar buitekant sal gebeur, sal dit geen effek op ons hê nie.

Nou weet julle, die Verbond is die Ark, die Ark is 'n tipe van die Verbond. Daarom het ek dit goed gedink om na hierdie lesing die boek Hebreërs te bespreek, waarin die nuwe Verbond wat met die mensdom aangegaan is, uiteen te sit. Daarna behoort u die Verbond te verstaan en nie in vreemde dinge betrokke raak nie.

Die Bybel sê vir ons in *Johannes 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.* Die volle Woord van God is die Verbond. Christus Jesus is die Verbond, Hy is die Ark, in Sy beskerming, onder Sy mantel, onder Sy bloed is ons bedek.

-o0o-

Ek wil nou nie in detail van alles gaan nie, maar lees gerus Genesis 8.
Noag en sy gesin was in die Ark, die Here het die wind oor die aarde laat waai en toe het die water begin wegdroog (Gen. 8:1)

1. **<u>OPENBARINGSKENNIS</u>**

Ek wil net vinnig iets sê rondom die eerste uitstuur van die kraai Gen. 8 vers 6: *Toe het Noag aan die end van 40 dae die venster/deksel van die Ark oopgemaak* – daardie venster/deksel beteken **Openbaring** (revelation). Dit is 'n nuwe openbaring wat gegee gaan word. Daar is 'n nuwe uitreiking - ons gaan nie net meer in kennis funksioneer nie. 'n Nuwe openbaring word gegee – revelation, knowledge, openbaringskennis.

2. **<u>NABOOTSERS</u>**

Dan sien ons Noag het 'n kraai uitgestuur. *Die kraai het heen en weer gevlieg totdat die waters opgedroog het van die aarde af (vers 7).*

- Daardie kraai wat uitgestuur is, is die nabootsing. Die duif verteenwoordig die Heilige Gees. Die kraai verteenwoordig die nabootsing van die Heilige Gees. Dit is die nabootsings wat satan maak van die Heilige Gees.
- Dit is die godsdienstige sisteme wat nog al die jare oor die aarde heen en weer vlieg en hy kan nêrens sitplek kry nie, want dit is nie die waarheid nie.
- Hy probeer hier beïnvloed en hy probeer weer daar beïnvloed. Onthou 'n kraai is 'n roofdier, al wat hy kan doen is, hy kan roof, hy kan wegneem dit wat die Heilige Gees vir ons wil gee. Dit het sy tydperk gehad.

3. **<u>TYD OM TERUG TE KEER</u>**

*Gen. 8:8 Daarop laat hy (Noag) 'n duif van hom af wegvlieg om te sien of die waters oor die aarde verminder het.*
*Gen. 8:9 Maar die duif het geen rusplek vir die holte van sy voet gevind nie en na hom teruggekeer in die ark; want die waters was oor die hele aarde. So het hy dan sy hand uitgesteek en hom gegryp en in die ark by hom gebring.*
*Gen. 8:10 Daarna het hy weer sewe dae gewag. Toe stuur hy die duif weer uit die ark.*
*Gen. 8:11 En die duif het teen die aand na hom gekom, en daar was 'n groen olyfblad in sy bek! Toe merk Noag dat die waters oor die aarde verminder het.*
*Gen. 8:12 Daarna wag hy weer sewe dae en stuur die duif uit. Maar hy het nie weer na hom teruggekeer nie.*

Vir baie jare het die mense gefunksioneer met die teenwoordigheid van die Heilige Gees. **Daar is 'n baie groot verskil tussen die (i) teenwoordigheid van God se Gees en (ii) die Krag van God se Gees.**

- Die teenwoordigheid van God se Gees is die wolkkolom wat aan hulle gegee is,
- maar die vuur het gekom op die berg Horeb, op die berg Sinai.
  - Daar het God Homself deur die Krag van Sy Heilige Gees aan hulle geopenbaar. (Ex 19:18; Ex 24:17)

Onthou die Heilige Gees is daar om ons te transformeer om vir my en jou terug te transformeer na die persoonlikheid wat God vir ons gegee het. Dit duur 'n tydperk, daarom praat die Bybel van die **7** dae.

- Dit duur 'n volmaakte tydperk vir ons om weer terug te transformeer te word na die regte persoonlikheid wat God oorspronklik vir jou beplan het.
- Die duiwel het daarin geslaag om ons deur allerhande dinge, deur sonde, deur godsdienstige sisteme, deur dit, deur dat, deur baie dinge, weg te transformeer, en nou moet ons terug getransformeer word.

-o0o-

**DIE OLYFTAK – DIE WARE KERK VAN CHRISTUS**

Ons benodig die teenwoordigheid van God se Heilige Gees in ons lewens.

Die eerste keer toe die duif uitgestuur is, kon hy geen rusplek vind nie.

**Betekenis:** Dit beteken dat dit **nie** die saad was wat die Vader gegee het nie. Dit het egter om **ons** gegaan en die mense het hierdie ding heeltemal verkeerd verstaan; daarom kon dit geen rusplek gevind het nie, want die waters was oor die aarde.

Daarna het Noag weer 7 dae gewag, 'n volmaakte tydperk. Daarna stuur hy die duif weer uit die ark (Gen. 8:10). 'n Salwing het op die duif gerus na die wag periode. En die duif het teen die aand na hom toe gekom met 'n groen olyfblaar in sy bek.

Daardie groen olyfblaar in sy bek beteken:

- dit is die "remnant", die oorblyfsel, dit is die ware kerk van Christus Jesus,
- dit is die Bruid van Christus Jesus wat nou met die salwing funksioneer,
- dit is nou die Bruid van Christus Jesus wat met die Krag van God toegerus is en nou kan funksioneer
- wat 'n getuie is van Sy opstanding, wat 'n getuie is van die ware evangelie.
  - Godsdiens is hoe die mens uitreik na God toe.
  - Die ware evangelie is in Christus Jesus, die ware Verbond, wat in die boek Hebreërs beskryf word.
  - In die boek Hebreërs, leer ons hoe God uitgereik het na die mens toe, want die mens kon dit nie maak nie want die voorhangsel het hom gekeer, daarom het God die voorhangsel geskeur en Christus het die eersgeborene geword in die opstanding.

**4. DIE FINALE SKUDDING**

Dit is nou tyd dat die openbaring van die opstanding in die Bruid moet plaasvind. Ek het al baie gepraat oor hierdie dinge.

i. Daar was 'n aardbewing
ii. die klip het weggerol en
iii. die opstanding het plaasgevind.

*Mattheüs 28:2 En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.*

*Mattheüs 28:6 Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het;*

**Die Bruid sal eers geopenbaar word, na die skudding**.
*Haggai 2:21 Nog een keer sal Ek die wêreld skud.*

Dit is wat die Here nou besig is om te doen met hierdie Covid-19 inperking (lockdown).
Die mense wou nie gehoor het nie, hulle wou nie luister nie, nou het die Here hulle teruggedraai, basies die hele wêreld tot stilstand gebring.

- Die Here het alle kerke toegesluit,
- die Here het alle godsdienstige dinge toegesluit.
  - Ek sê nie alle gemeentes is nie godsdienstig nie, daar is manne daar buite wat raakvat.
  - Maar ek praat van godsdienstige sisteme waaroor dit gaan.
  - "Ek- is-gelukkig-as-ek-net-kerk-toe-gaan" houding.

-o0o-

## 5. PERSOONLIKE VERHOUDING

Dit eerder gaan oor hoe my persoonlike verhouding met die Here is.

- Dit is in jou binnekamer verhouding met die Here waar jy groei.
- Dit wat jy in die samekoms van die heiliges ontvang, is maar net tot opbouing van dit wat jy reeds ontvang het in jou binnekamer.
- In jou binnekamer ontvang die bakstene, maar die sement is wat jou broer en jou suster.
- Die gawes wat deur die liggaam funksioneer is daar om daardie bakstene wat jy in jou binnekamer ontvang het:
  - tot ‘n vaste getuienis te kan maak,
  - vas te messel in jou eie lewe sodat jy ‘n getuie kan wees,
  - tot opbouing in die liggaam van Christus Jesus,
  - tot uitbreiding in die Koninkryk van die hemel en
  - tot verheerliking van die Vader.

## 6. WEGRAPING

Dit is waar die duif inkom met die olyftakkie in die mond.
Ons is nou in die dae wanneer die duif uitgestuur word, julle sal dit sien.
Noag het nog 7 dae gewag, die duif uitgestuur maar toe het die duif nie terug gekom na die ark nie (Gen. 8:12).

**Betekenis:** Nadat Noag die duif uitgestuur het, maar die duif nie weer teruggekom het nie, beteken daar gaan ‘n wegraping (rapture) plaasvind wanneer die duif (bruid) met die olyftakkie weggeraap word en sy gaan nie terug kom nie.

- Ons is nou in die tyd wanneer die Bruid openbaar gemaak word wanneer sy deur die deksel/venster van die Ark geopenbaar gemaak word.
- Die duif gaan vlieg, die Bruid gaan vlieg met die Gees op haar, sy funksioneer nou met die krag van die Heilige Gees.
- Daar gaan dan ‘n dag kom wanneer sy nie gaan terug kom nie, wanneer sy net gaan wegraak van hierdie aarde af, wanneer die wegraping gaan plaasvind.

**Dit is die tyd waarin ons nou in is!**

.

1. Ons is nou in die laaste tyd, tussen die tyd wat die duif teruggekom het met die olyftakkie waarin sy die salwing ontvang het en die duif weer uitvlieg.
   - Die Bruid, het die salwing ontvang, sy is uitgestuur in die 7 dae, sy funksioneer nou daar buitekant en sy doen nou die volmaakte tydperk.
   - Ons weet nie hoe lank is hierdie tydperk nie, dit is die groot ding, ons kan nie hierdie dinge vat as letterlik nie, want God is God en Hy kan hierdie tydperke maak net soos wat Hy wil. Die getal **7** beteken, volmaakte tydperk en daardie 7 kan net sowel 7 jaar wees. Ons sien hoe dinge nou gaan gebeur, ek het reeds die tydlyne (time lines) uitgelê, daarin het ek uitgewys daar is ‘n maksimum 10 jaar oor.
2. Ons weet nie wanneer die wegraping sal plaasvind nie. Ons weet daar is dinge wat moet gebeur tussen nou en die wegraping, soos onder andere die geboorte van die Messiaskind / seuns van God (man child) wat moet plaasvind, Openbaring 12 en Romeine 8 en ook die 3de Wêreldoorlog wat moet plaasvind en dit is Openbaring 9 en Eségiël 38 en 39. Die oorlog van die Gog en nog ander wat ek in lesings uitgegee het.
3. Ons is nou in die laaste tyd, in die laaste snikke wanneer die Bruid nou gaan begin funksioneer met die Krag van die Heilige Gees.

-o0o-

- Die Bruid is die draer van die Rhema woord, sy is die draer van die salwing, want dit is die salwing op die Bruid wat die Rhema woord krag gee sodat sy nie praat uit hoorsê uit of uit godsdienstigheid nie maar sy praat vanuit 'n persoonlike verhouding en 'n persoonlike getuienis. Sy sal uitdra en sy sal die werke doen en dit sal dan die volheid van die heidene (gentiles) inbring en dan ook Josef sal gebore word en Benjamin wat die Jood is. (Verwys na vorige lesings)

Die wêreld sal na hierdie inperkings (lock downs) en hierdie dinge nooit weer dieselfde wees nie, julle gaan dit sien, julle gaan dit sien, julle gaan dit sien! Mense begin nou hul roeping vervul "calling" soos nog nooit tevore nie. Mense se oë begin oopgaan as gevolg van hierdie dinge. God moes nou hierdie goed op die aarde gebring sodat die mens kan begin sien dat dit waarmee hy besig is, nie vir God belangrik is nie.

Ek praat uit ondervinding. Die Here het vir my in 'n woestyntyd geplaas het vir 9 maande sodat ek kan besef waarmee ek besig is, nie vir God belangrik nie maar eerder wat vir Hom belangrik is beter baie vinnig vir my belangrik word.

-o0o-